



## **Vrug van die Gees**

### **Week 4 — Getrouheid en Selfbeheersing**

#### **Kernvers — Galasiërs 5:22-23**

**Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing**

#### **Algemene bespreking & agtergrond**

Die tema vir die kwartaal is die **Vrug van die Gees** en die doel daarmee is om vir die kinders die eienskappe in vier groepe te deel en so te bespreek, met **liefde** as die oorhoofse tema, omdat God Liefde is.

**Week 1: Liefde + Vreugde + Vrede + Vriendelikheid**

**Week 2: Liefde + Geduld**

**Week 3: Liefde + Goedhartigheid + Nederigheid**

**Week 4: Liefde + Getrouheid + Selfbeheersing**

Die vrug van die Gees is basiese eienskappe wat God graag in Sy kinders wil sien. **Elkeen wat glo dat hy/sy 'n kind van God is en alreeds Jesus aangeneem het, besit hierdie eienskappe, hoewel dit nog nie in almal ewe goed ontwikkel is nie.**

Dus, net soos 'n babatjie die vermoë besit om te kan praat, moet hy nog sy woorde leer en sy taal ontwikkel, sodat alles wat hy sê sinvol kan wees.

So is kinders van God ook. Ons begin almal as babatjies wat net eers 'n klein deeltjie verstaan van wat ons kan en moet doen. Soos ons ouer word en meer van Jesus leer, verstaan ons meer en beter. Dan word die begeerte ook groter om meer soos Jesus te wees en minder soos onself.

Mense word as sondebaars gebore, maar deurdat Jesus vir ons gesterf het, het Hy ons alreeds vrygekoop en kan ons deur Sy genade die Heilige Gees ontvang as ons Hom aanneem. Dan is ons kinders van God en help Hy ons om goeie vrug te dra (Galasiërs 5:24; Johannes 3:16; 1 Johannes 4:16)

Met die Heilige Gees in jou, het jy ook die vermoë om al hierdie eienskappe in jou te ontwikkel. Maar dit gebeur nie vanself nie—jy moet dit oefen en daaraan werk! Dink maar net hoeveel keer sê 'n mamma of pappa vir 'n baba iets soos "Sê asseblief" en weer "Dankie". Dit vat partykeer nogal lank om iets reg te kry!

Die **vrug van die Gees** (nie vrugte nie) bestaan uit verskillende eienskappe, maar word as **een vrug** gesien, want die eienskappe staan nie los van mekaar nie. Hulle groei almal saam uit dieselfde wortels of stam uit. Net soos 'n druiwetros uit verskillende korrels bestaan, maar een vrug is.

Soos ons in 1 Korintiërs 13 leer: Sonder **Liefde** is ons niks—dan tel al die ander goed nie. Dus is **LIEFDE** die samebindende eienskap en ook die kern van al die ander eienskappe—ons kan nie een van die eienskappe op hul eie ontwikkel nie.

Die Bybel is vol voorbeelde van goed en sleg. Die fokus hier is egter nie op die slegte nie, maar op die Saad van die Goeie wat deur genade ontkiem in elke kind wat God aanneem en dan groei tot volle rypheid (geestelike volwassenheid). Dit is 'n langsame proses en soos elke vrugteboom, is sonskyn, reën, nag en dag, donker en lig, nodig om die vrug van die boom behoorlik te laat groei en ryp word. Soms moet slegte vrugte uitgesny word omdat hulle die res van die vrugte aan die boom kan aansteek.

Maar die fokus bly op die goeie waarna ons streef. Nie een van ons is volmaak nie—dan was ons nie meer hier op aarde nie. Dan het ons God nie nodig gehad nie. Sonder Hom is ons niks. Sonder Hom kan ons nie groei nie. Sonder Hom kan ons ook nie goeie vrug dra nie.

***Alles vir God se goedkeuring en glimlag!***



### **Vrug van die Gees**

#### **Getrouheid**

Op 'n dag kom daar 'n man na die dorpsplein gehardloop en skree kliphard dat die skool aan die brand is.

Natuurlik hardloop almal skool toe om te gaan kyk wat aangaan en te help om die vuur te blus! En toe hulle daar aankom, is daar niks. Nie eens 'n vonkie nie.

Kan julle dink hoe hulle gevoel het? Natuurlik was hulle ontsteld en sommer vies vir die man wat so gek het.

'n Week later gebeur dieselfde ding—dié keer is almal by die kerk besig met 'n diens en die man kom weer aangehardloop en skree dat die skool aan die brand is.

Het die mense uit die kerk gestorm om te gaan help om die brand geblus te kry? Nee, niemand het hom geglo nie. Hulle het hom geïgnoreer en rustig voortgegaan met die diens.

Ja, die ergste was, dat die skool werklik aan die brand was en dat dit heeltemal afgebrand het.

En dit net omdat een persoon nie 'n man van sy woord was nie. Mense kon nie op hom staatmaak nie. Hy was nie getrou aan die waarheid nie.

In die Bybel het ons 'n mooi voorbeeld van getrouheid of lojaliteit in die vriendskap van Dawid en Jonatan. Jonathan was lojaal in sy vriendskap met Dawid en het twee maal by koning Saul gaan pleit om Dawid se lewe te spaar. Daarna het hy nog vir Dawid gewaarsku om liever te vlug, want die koning sou hom andersins vermoor.

Getrouheid word dikwels ook lojaliteit genoem of betroubaarheid en beteken ook -

- Jy praat die waarheid
- Jy is geloofwaardig, mense weet dat hulle jou kan glo as jy iets sê
- Jy maak nie leë beloftes nie, maar kom jou beloftes na
- Jy kom gereeld kerk en Sondagskool toe
- Jy hou aan om goed te doen ten spyte van teenstand en al bring dit nie vir jou voorspoed op aarde nie
- Jy doen al jou skoolwerk en leer hard—dwarsdeur die jaar
- Mense weet dat hulle op jou kan staatmaak
- Jy staan deur dik en dun by jou vriende / familie
- Jy hou aan glo dat Jesus jou verlos het, selfs al maak jy foute en voel soms mismoedig, want jy is getrou aan God en glo dat die Heilige Gees die vrug van die gees aan jou gee om as kind van God uit te leef

God was en is en sal altyd dieselfde wees. Hy is onveranderlik. Jesus is getrou aan al sy beloftes—ook die een waar Hy belowe dat Hy weer sal kom!

#### **Selfbeheersing**

Amos ly aan suikersiekte of diabetes en mag dus sekere soorte kosse glad nie eet nie, veral soetgoed, want dit is nie goed vir sy bloed nie.

Maar nou is hy na 'n partytjie genooi en daar is die ongelooflikste lekkergoed, koek en koeldrank. Hy dink: "Ek het mos my medisyne by my, so ek kan seker net 'n klein stukkie koek eet..."

Hy maak sy oë toe en vat 'n klein happie van 'n sjokolade "cupcake". Dis absoluut hemels! Mens kan mos nou nie die res van die koek los nie; dis mos swak maniere. En voordat hy verder dink, is die hele "cupcake" op. En toe is dit asof hy nie kan ophou nie... die een na die ander stop hy hulle in sy kieste so vinnig as wat hy kan.

Toe hy die eerste happie van die vyfde koekie vat, draai sy kop ewe skielik en hy sien hoe die vloer naderkom oomblikke voordat alles swart word voor hom.

Amos word wakker in die hospitaal en sien dat sy ouers baie bekommerd langs sy bed sit. "Wat het gebeur?", vra hy.

Toe hulle hom vertel, voel hy baie skaam en sê: "Ek is baie jammer, maar die koekies het so lekker gelyk en ek wou net proe. Maar ek besef nou dat ek nie selfbeheersing uitgeoefen het nie en toegelaat het dat die verkeerde goed vir my belangrik is. Sal julle my asseblief vergewe?"

So was Amos amper dood omdat hy nie homself beheer het en die reëls oor sy eetgewoontes nagekom het nie.

In die Bybel is ook baie voorbeelde van 'n gebrek aan selfbeheersing. Dink maar aan die storie van Josef toe Potifar se vrou hom wou verlei—hy het selfbeheersing toegepas en baie vinnig gemaak dat hy wegkom.

Dink aan Daniël en sy vriende, wat almal aangehou het om net groente en vrugte geëet het, terwyl hulle monde seker

***Alles vir God se goedkeuring en glimlag!***



**Vrug van die Gees**

gewater het as die ander aan hulle braaivleis gesmul het. Hulle het sowaar selfbeheersing gehad!

Onthou julle waar Petrus in die tuin van Getsemane toe die soldate vir Jesus kom gevange neem, so kwaad word dat hy sy swaard vat en Malgus se oor afkap. Jesus wys dan vir Petrus dat dit nie nodig is om gewelddadig te wees nie en sit weer Malgus se oor terug en maak dit gesond.

Dus wys Jesus vir ons dat ons selfbeheersing aan die dag moet lê en eerder tot tien tel voordat ons kwaad word en verkeerde goed sê of doen waaroor ons later baie spyt gaan wees! Hierdie eienskap gaan ook baie mooi saam met geduld

waarvan ons in Week 2 geleer het.

Vra dus elke dag dat Jesus 'n wag voor jou mond sit en jou help om al die eienskappe van die vrug van die gees uit te leef.

**Aanvullende lees:**

Lukas 19:11-27; 2 Korintiërs 1:15-16; 1 Samuel 18-20 (Dawid en Jonatan); Hebreërs 13:5; 2 Kronieke 6:9; Numeri 2:4-5; Psalm 89; 1 Tessalonisense 5:23-24; 1 Johannes 1:9; Spreuke 16:32; 1 Korintiërs 9:25; Spreuke 25:28 en Johannes 15:1-8; Johannes 18:10-11

**lets om huis toe te neem**

**Voorskool tot Graad 3**

Gaan gerus aan met die papierbordgesigte en woorde op flitskaarte of bou aan die boom met die goeie en slegte eienskappe. Voorbeelde van woorde: Staatmaker vs Spekskieter; Fluks vs Lui; Beloftes maak vs Beloftes nakom; Getrou vs Ontrou

**Graad 4-7**

Glas water (deursigtig). 3 x sirkels uit karton gesny, so groot soos R5. Skryf op een sirkel: Vir Jesus. Op die ander een: Teen Jesus. Op die derde een 'n pyltjie —> Plaas eerste twee aan weerskante van die glas.

Kyk deur glas en water na die een met die pyltjie. As jy dit naby die glas hou, wys die pyltjie na "Vir Jesus", maar hou dit verder weg en die pyltjie draai om!

**Woordsoek**

Die vrug van die gees se eienskappe kan almal in hierdie woordsoekblok gevind word.

Van Graad 5 af behoort hulle die woorde al te kan vind, maar as jou flitskaarte met woorde opgeplak is waar hulle dit kan sien, behoort van die jonger kinders van die woorde te herken.

Gebruik gerus en help die wat bietjie sukkel. Of gee dit saam huis toe, sodat hulle dit saam met hul ouer boeties of sussies of selfs die ouers kan invul.

B	E	E	G	E	H	E	I	G	E	D	U	L	D
V	E	V	R	G	E	T	R	O	U	H	E	I	D
G	L	E	I	G	H	G	E	E	I	G	H	E	R
I	E	E	D	D	V	A	E	D	R	L	T	F	E
U	N	E	D	E	R	I	G	H	E	I	D	D	D
E	U	E	G	O	D	H	F	A	L	G	E	E	G
N	D	E	E	E	D	L	H	R	I	G	D	E	T
L	H	R	V	L	I	E	I	T	E	R	I	D	V
E	E	E	T	I	E	G	D	I	D	E	D	E	R
S	U	E	R	I	V	V	R	G	D	R	O	I	E
E	E	H	L	D	R	F	U	H	S	E	G	I	U
S	E	L	F	B	E	H	E	E	R	S	I	N	G
V	R	I	E	N	D	E	L	I	K	H	E	I	D
I	E	E	G	E	E	H	D	D	E	R	E	O	E

**Elke week**

Onthou dit gaan oor geestelike groei—'n vrug is nog nie reg voordat hy nie al sy eienskappe vir rypheid wys nie. Ons is almal in 'n groeiproses en ons leer deur ons foute. Ons is 'n vrug wat nog besig is om ryp te word.

Bou aan die kinders se selfbeeld eerder as om dit met 'n klomp "moenies" af te breek. Moedig hulle aan om te werk aan hul eienskappe en nie moed op te gee nie. God gee nie met ons moed op as ons foute maak nie, want Hy is nog besig om ons te help groei en ons moet Hom toelaat om aan ons te werk.

**Alles vir God se goedkeuring en glimlag!**